

## Sing vooraf: Psalm 25:1, 7 (p. 115)

- 1 Tot U hef ek hart en hande; / op U, HEER, verlaat ek my;  
laat die vyand oor my skande, / oor my val, hom nooit verbly.  
Ja, U sal hul nooit verlaat / wat in u vertrou wandel,  
maar U dek hul met u smaad / wat hier trouelooslik handel.
- 7 Gods geheim'nis is die lewe / vir wie wandel in sy vrees;  
en Hy 't sy verbond gegewe / om vir hul 'n lig te wees.  
'k Hou my oë op die HEER / wat my so getrou gelei het,  
want Hy voer my voete weer / uit die net wat hul gesprei het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 71:1, 9 (p. 352)

- 1 Op U alleen, my Rotssteen bou ek. / Laat my dan nimmermeer / in smaad verval, o HEER!  
Op u geregtigheid vertrou ek. / Verhoor my, red my lewe; / dis aan U oorgegewe!
- 9 Ek voel my sterk, aan U verbonde; / my mond vind tot u lof / gedurig ruimer stof.  
U redding meld ek elke stonde; / al kan ek dit nie skat nie, / besyfer of bevat nie.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

## Psalm 103:9

- 9 Maar Gods genade en goedheid is onendig / oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;  
dit reik tot aan die verste nageslag / wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,  
of van sy wet hul hart afkerig wend nie, / maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

Skriflesing: Deuteronomium 29 en 30

Teks: Deuteronomium 29:29

**Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet.**  
(Deuteronomium 29:29 AFR1953)

Swurf saam met my deur die Woord van die Here en ondersoek die openbaring van God rondom die koms van ons Verlosser.

Hierdie toespraak van Moses wat ons gelees het, word in die land Moab gehou. Moses tree hier op as die Here se verteenwoordiger – dit is dus die Here wat die verbond vernuut.

- Die *verbond* waarvan hier gepraat word, is niks anders nie as die vernuwing van die *verbond* wat die Here by Horeb met hulle geskui het nie.
- Daar is toe offers gebring en die volk is met bloed besprinkel – waardeur die verlossing deur die Here Jesus inderdaad uitgebeeld is!

Die offers wat tydens die sluiting van hierdie verbond gebring is, het profeties uitgebeeld dat daar eenmaal in die toekoms 'n finale Offer gebring gaan word.

- Daardie Offer wat alles gaan doen waarvan hierdie offers wat in die verloop van die Ou Testament gebring is, getuig het.
- Die bloed wat oor die volk gesprinkel is tydens hierdie offer, was die getuie dat die bloed van hierdie Offer almal wat daarby betrokke is, ten goede sal wees – hulle sal verlos word, soos wat die offer beloof.
- Dit alles was dus profeties van die Here Jesus Christus wat sou kom en sterf en opstaan – en so verlossing bewerk.

Hier is tog iets baie treffends (anders?) in die manier waarop die Here hier almal opnoem wat by hierdie verbond betrokke is:

- Eerste noem Hy die mense wat in die leiersposisies is.
- Daarna al die mans, vrouens en kinders.
- Die Here vermeld dit spesiaal dat Hy die vreemdelinge ook insluit.
- Die arbeiders – houtkappers en waterdraers – word ook ingesluit.

**Julle staan vandag almal voor die aangesig van die HERE julle God: julle hoofde, julle stamme, julle oudstes en julle opsigters—al die manne van Israel; julle kinders, julle vroue en jou vreemdeling wat binne-in jou laer is, jou houtkapper sowel as jou waterputter, om oor te gaan in die verbond van die HERE jou God—en in sy eedswering—wat die HERE jou God vandag met jou sluit; sodat Hy jou vandag vir Hom as volk kan bevestig en vir jou 'n God kan wees soos Hy jou beloof het, en soos Hy aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het. (Deuteronomium 29:10-13 AFR1953)**

Met hierdie breë benoeming van wie almal in hierdie verlossingsverbond ingesluit word, openbaar die Here dat sy verlossing baie wyer gaan as net die Israëliete.

- Die Here se verlossing reken dus nie volksverskille in nie,
- ook nie geslagsonderskeiding nie,
- en selfs nie standverskille nie.

*Almal wat luister na sy verbond en dit aanneem en gehoorsaam – hulle word verlos.*

Om die verbond waarvan die Here praat, te kan verstaan, wys die Here op die geskiedenis. Mens sou nou kon dink dat die Here net met die Israëliete praat, maar dis nie so nie.

- Hy wys natuurlik hier op die wonders wat Hy met en vir hulle gedoen het.
- Maar die veronderstelling is dat elkeen wat hierdie verbond deel, maar net moet kyk hoe die Here hom/haar in sy lewe versorg het met magtige dade.

Nadat die Here ons oë oopgemaak het vir sy genade en sy almag, waarsku die Here hulle dat Hy juis daarom nie sal huiwer om die wat ongelowig en ongehoorsaam is, met die verskriklikste straf te tref nie.

**. . . en as hy die woorde van hierdie eedswering hoor, homself dan in sy hart gelukkig prys deur te sê: Dit sal met my goed gaan alhoewel ek in die verhardheid van my hart wandel—om so die bewaterde saam met die dorstige weg te ruk! Die HERE sal hom nie wil vergewe nie, maar dan sal die toorn van die HERE en sy ywer teen dié man rook, en die hele vloek wat in hierdie boek geskrywe is, sal op hom rus; en die HERE sal sy naam onder die hemel uitdelg. (Deuteronomium 29:19-20 AFR1953)**

Wat nou? Waar wil die Here met ons heen met al die dinge?

Hy wil hê ons moet Hom en sy Woord glo en vertrou. Ons moet die Here Jesus se koms ken en glo soos Hy dit aan ons geopenbaar het – en soos Hy dit laat opteken het.

**Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet.** (Deuteronomium 29:29 AFR1953)

Met ander woorde: Dit gaan oor Kersfees en die betekenis daarvan vir ons.

- Is Kersfees vir u die vervulling van al die Here se profesieë oor die koms van die Messias, of mis ons die punt?
- Glo ons onvoorwaardelik aan die dinge wat God aan ons geopenbaar het, of het ons ons eie uitvindings rondom die koms van die Here Jesus?

Die probleem kom daarby dat mense hulle nie vir lank steur aan dit wat God openbaar nie.

- Baie gou verander hulle siening van dit wat die Here openbaar, en dan maak hulle hulle eie reëls.
- Daarom maak die Here sy belofte in twee dele:
  - Hou by My openbaring en word geseën,**of:**
  - verwerp dit en Ek vernietig jou.

Die verbond waarvan Moses in die voorgelese gedeelte gepraat het, sinspeel op die versoening wat uiteindelik deur die Messias/die Here Jesus Christus volbring sou word.

- Daarom moet elkeen deeglik kennis neem van dit wat van die Messias en sy verlossing geopenbaar is – en ook hoe hierdie openbaring in vervulling gegaan het of in vervulling sal gaan.

Kom ons kyk na enkele dinge wat die Here aan ons geopenbaar het rondom die koms van ons Verlosser en Here, Jesus Christus.

Die eerste openbaring van die Here oor die Verlosser is dat Hy uit 'n vrou gebore sal word.

- Dit klink eenvoudig, maar dit is nie.
- Hy sal mens word en op ons aarde lewe soos wat alle mense hier aankom – Hy gaan fisies gebore word.

*Openbaring/Profesie:*

**En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.**  
(Genesis 3:15 AFR1953)

*Vervulling:*

**Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet,** (Galasiërs 4:4 AFR1953)

**Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom en sê: Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees; en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.** (Matteus 1:20-21 AFR1953)

*Ook:*

**. . . en sy het haar eersgebore Seun gebaar en Hom toegedraai in doeke en Hom in die krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.**

(Lukas 2:7 AFR1953)

**En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon. (Openbaring 12:5 AFR1953)**

Met 'n verborge werkswyse maak God dat 'n maagd swanger raak.

- Sy gee geboorte aan 'n mensekind.
- Tog openbaar God dat hierdie Kind die Seun van God is – dus Hyself is!

Hierdie openbaringe van die Here was al die eeue deur in die spervuur.

- Vandag is dit waarskynlik erger as ooit.
- Dis maar presies hoe dit destyds met Israel ook was!
- Daarom sê die Here dat *die verborge dinge sy saak is* – maar die dinge wat Hy wel openbaar nie deur ons bevraagteken moet word nie. Ons en ons nageslag moet daaraan vashou.

Daar is 'n hele klomp dinge rondom die geboorte van die Here Jesus wat deur die Here geopenbaar is.

Een so 'n saak gaan byvoorbeeld oor die geboorteplek van die Here Jesus.

*Dit is so geprofeteer:*

**En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid. (Miga 5:1-2 AFR1953)**

*Die vervulling is so beskryf:*

**En Josef het ook opgegaan van Galiléa, uit die stad Násaret, na Judéa, na die stad van Dawid, wat Betlehem genoem word, omdat hy uit die huis en geslag van Dawid was, om hom te laat inskrywe saam met Maria, die vrou aan wie hy hom verloof het, wat swanger was. En terwyl hulle daar was, is die dae vervul dat sy moes baar; en sy het haar eersgebore Seun gebaar en Hom toegedraai in doeke en Hom in die krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie. (Lukas 2:4-7 AFR1953)**

Die feit dat die Here Jesus uit 'n maagd gebore sou word, is eeue voordat dit gebeur het, al deur die Here geopenbaar!

**Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem. (Jesaja 7:14 AFR1953)**

Ons lees van die vervulling daarvan in die Evangelie volgens Lukas:

**En in die sesde maand is die engel Gabriël deur God gestuur na 'n stad in Galiléa met die naam van Násaret, na 'n maagd wat verloof was aan 'n man met die naam van Josef, uit die huis van Dawid; en die naam van die maagd was Maria. En die engel het by haar binnegekom en gesê: Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue. En toe sy hom sien, was sy baie ontsteld oor sy woord, en sy het daarvoor nagedink wat hierdie groet tog kon beteken. En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie. Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie? En die engel**

**antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word.”** (Lukas 1:26-35 AFR1953)

Omdat die Here ons ken, en weet hoe gou mense dinge bevraagteken, het Hy nog meer detail aan ons geopenbaar. Hy het selfs geopenbaar dat daar met die koms van die Messias baie hartseer gaan wees omdat baie kinders vermoor sou word ter wille van Hom!

**So sê die HERE: ’n Stem word gehoor in Rama, geklaag, bitter geween; Ragel ween oor haar kinders; sy weier om getroos te word oor haar kinders, omdat hulle daar nie is nie.** (Jeremia 31:15 AFR1953)

Matteus het die vervulling daarvan beskryf:

**Toe Herodes sien dat hy deur die wyse manne mislei was, het hy baie woedend geword en gestuur en in Betlehem en in al die omstreke daarvan al die seuntjies van twee jaar en daaronder laat ombring, ooreenkomstig die tyd wat hy van die wyse manne uitgevra het.** (Matteus 2:16 AFR1953)

Dit is ook nie asof Matteus en sy tydgenote nie geweet het dat die kindermoord ’n vervulling van Jeremia se profesie was nie! Hulle het baie goed geweet dat dit ’n baie ou openbaring van die Here is wat in vervulling gaan – daarom het hulle dit op skrif gestel:

**Toe is vervul wat deur Jeremia, die profeet, gespreek is toe hy gesê het: ’n Stem is in Rama gehoor: rouklag en geween en groot gekerm; Ragel beweën haar kinders en wil nie vertroos word nie, omdat hulle daar nie meer is nie.** (Matteus 2:17-18 AFR1953)

Vir ons is dit van die uiterste belang om die Here te glo en te vertrou: Hy het aan ons geopenbaar waarom sy Seun in ons wêreld gebore moes word. Hy het duidelik geopenbaar hoe hierdie koms na ons wêreld toe ons bevoordeel!

In Psalm 110 openbaar die Here die verlossing wat Hy Hom voorneem onder eed!

**Die HERE het gesweer, en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.** (Psalms 110:4 AFR1953)

Later openbaar die Heilige Gees deur die skrywer van die Hebreërbrief wat die inhoud van die openbaring in Psalm 110 is:

**. . . waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek ’n hoëpriester geword het vir ewig.** (Hebreërs 6:20 AFR1953)

Oraloor word die Godheid van die Here Jesus – en so ook die moontlikheid dat Hy versoening kon bewerk – bevraagteken. Dit mag nie, want die Here het sy eie almagtige werking hierin reeds aan ons geopenbaar!

**So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hy het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer. Soos Hy ook op ’n ander plek sê: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.** (Hebreërs 5:5-6 AFR1953)

**En nog baie duideliker is dit as daar ’n ander priester opstaan na die ewebeeld van Melgisédek, een wat dit geword het nie kragtens die wet van ’n vleeslike gebod nie, maar uit die krag van die onvernietigbare lewe. Want Hy getuig: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.** (Hebreërs 7:15-17 AFR1953)

Waarom is Hy ’n priester?

- Omdat die werk van die priester was om voorbidding te doen vir die volk.
- Hy moes ook saam bid vir verhoring van smeekbedes, soos Eli wat saam met Hanna gebid het vir die geboorte van Samuel!
- Hy moes ook die offers bring – soenoffers en brandoffers en dankoffers en watter offers ook al.
- Hy het versoening bewerk tussen die sondaar wat by die tempel kom sonde bely het en vir vergifnis kom sreek het.

**En Hy het 'n welgevalle aan die vrees van die HERE; en Hy sal nie regsprek na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie; maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak.** (Jesaja 11:3-4 AFR1953)

Die Here het lank vooruit geopenbaar dat Jesus God self is. Dink maar aan wat die profeet Jesaja destyds gesê het van die Messias:

**. . . en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE.** (Jesaja 11:2 AFR1953)

Selfs die amptelikheid van die Verlosser se werk is voorspel in Psalm 45:

**“(45:8) U het geregtigheid lief en haat goddeloosheid. Daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle.”** (Psalms 45:7 AFR1953)

Die feit dat hierdie openbaring van God inderdaad oor die Here Jesus gegaan het, is dat Hyself daarna verwys:

**Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees;** (Lukas 4:18 AFR1953)

Dis is vir ons baie belangrik om die geboorte van ons Here Jesus te herdenk, want daarmee herdenk ons ons verlossing uit ons ellendes en ook ons vrypraak van al ons sondes.

In sy openbaring het die Here onder andere drie duidelike profesieë laat verkondig hoe ons verlossing gaan werk wanneer die Messias hier by ons is:

**Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbryself; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.**

(Jesaja 53:4-5 AFR1953)

**Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtheid van ons almal op Hom laat neerkom.**

(Jesaja 53:6 AFR1953)

**Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel; omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het.** (Jesaja 53:12 AFR1953)

Daar was getuies wat deur die Heilige Gees gedryf was om hulle getuienis neer te skryf. Hulle was saam met die Here Jesus op die aarde. Hulle getuig dat hulle die volgende gesien het:

**En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond**

**gemaak, sodat vervul sou word wat gesprek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra. (Matteus 8:16-17 AFR1953)**

Hulle het presies geweet waarom dit gegaan het, want die Here het dit aan hulle geopenbaar. Daarom skryf hulle dit ook neer:

**wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking. (Romeine 4:25 AFR1953)**

Die apostel Paulus wat 'n klomp jare jonger is as die ander apostels, het 'n deeglike Skrifstudie oor die Verlosser en sy werk gemaak. Die Here lei hom met sy Heilige Gees om die volgende getuienis aan die Korintiërgemeente te gee:

**Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte;**  
(1 Korintiërs 15:3 AFR1953)

Ons dink met dank aan die geboorte van ons Here Jesus, omdat die Here geopenbaar het dat dit was tot ons verlossing.

**Amen**

Slotgebed

Slotpsalm 89:11, 17 (p. 446)

- 11 Hy sal dit uitroep: HEER, U is my Vader trou, / my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.  
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore, / wat Ek tot koning van die konings het verkore.  
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig, / my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.
- 17 Gedenk, o HEER, hoe swak ek is: hoe kort van duur, / hoe nietig my bestaan, die dood wink ieder uur.  
Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie? / Geeneen wat teen die mag sy lewe kan behou nie.  
Skenk ons u guns, o HEER, help ons in donker stonde / na u belofenis, aan Dawids huis verbonde.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum : Kersdag 2007